

# ONTHOOFDING VAN DIE HEILIGE JOHANNES DIE DOPER 29 AUGUSTUS

Johannes die Doper is deur God geroep om die Voorloper van sy Seun, Jesus Christus, te wees. Vir die mense van sy tyd was hy ’n groot profeet, die stem van ’n roepende in die woestyn. Sy leefwyse en vurige boodskap het sommige mense aangetrek en was vir ander weer ’n gevaar. Sy marteldood is opgeteken In die Evangelie volgens Markus (6:14-29), en volgens oorlewering het sy dissipels sy liggaam by Sebaste naby die moderne Nablus begrawe. Teen die 4de eeu was daar ’n kerk oor sy graf gebou en het pelgrims dit besoek. Vandag staan die Nabi Jahja Moskee (Johannes die Doper Moskee) waar die kerk voorheen was met die graf nog steeds daarbinne.

© Die Oratorium Uitgewery